# Hoofstuk van die dag: Jeremia 43

> *Jy lieg! Die Here ons God het jou nie beveel om vir ons te sê ons moenie na Egipte toe gaan om daar te gaan woon nie. (Jer*

*43:2)*

Daar is baie maniere om God se stem in jou lewe stil te maak. Asarja-hulle het eenvoudig God se profeet tot leuenaar te verklaar. Iemand het op 'n keer vir my geskree dat hy nie wil hoor wat die Bybel sê oor 'n spesifieke saak nie. Iemand anders het haar oë gerol met: "Al wéér die Bybel." Dan was daar die vrou wat reguit vir my gesê het sy stem nie met 'n uitspraak in die Bybel saam nie. En dit terwyl ons almal bely dat die Bybel God se Woord is, 'n geskenk van Bo om ons op ons weë te lei (Ps 119:105).
Een predikant het in sy preek 'n hele klomp gedeeltes uit die Bybel voorgelees, en dan telkens dié betrokke bladsy uit die Bybel geskeur, want, het hy vir die gemeente gesê, hulle steur hulle tog nie aan God se Woord nie. Sy teks dié oggend was seker koning Jojakin wat die boekrol stukkie vir stukkie verbrand het (Jer 36:23). Die gemeente was woedend.
Wat maak jý as God se Woord jou ongemaklik maak?

## Onlangse Bydraes


- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026